TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 4/2/2017 **Datum: 18 Mei 2017**

Uit die kantoor:

0/7 Rugbydag en inter met Aliwal-Noord

Baie dankie aan al die ouers wat die afgelope naweek se sportdae ondersteun het. 'n Spesiale dankie aan mnr Pieter Smit en sy span ouers wat vir ons die verversings hanteer het. Dit was goed en lekker!

Lapa uitgewers hou Donderdag, 18 Mei en Vrydag, 19 Mei 'n boekuitstalling in die skoolsaal. Ons leesgierige Tjokkies kan gerus 'n draai maak.

PARKERING BY HOOF-INGANG

As deel van ons nuwe ingang het ons drie mooi staal- en sandsteenpotte ter versiering, maar ook strategies geplaas.

Let asb daarop wanneer u terugstoot. Twee ouers het dit al raakgery. Beide gevalle is op ons veiligheidskamera vasgevang.

Ons ervaar ook 'n ongeduld by sommige ouers wat hierdie en ander parkeerruimtes gebruik en ek vrees die dag wanneer 'n leerling raakgery gaan word.

By alle skole is daar maar druktyd wanneer die skool uitkom, wat ongerief veroorsaak. Gelukkig is dit net vir 'n kort tydjie. Verdraagsaamheid is die slagspreuk!

BELANGRIKE DATUMS:

19 Mei: Voortrekkerkamp by Retiefkampterrein. Al die voorries het kennisgewings ontvang. 158 Voories maak die kamp mee!

20 Mei: Nautilus 2, Verrykende wiskundeklasse.

22 Mei: Kunswedstryd begin met voordrag en toneel. Sterkte aan die Tjokkies wat deelneem.

23 Mei: Skaakliga

24 Mei: Rugby en netballiga. Sien die bepalings wat u ontvang het.

25 Mei: Hemelvaartdiens om 9:00 gelei deur ds Christo de Vries van die Kovsiekerk.

26 Mei: Kleuterskool se jaarlikse Gholfdag by Bloemfontein Gholfklub. Dankie aan juf Elsabé en haar gholfkomitee wat so flink hieraan gereël het. Baie dankie aan al die borge en donateurs.

VERJAARSDAE

18 Mei: Mnr Ryno Eckard (Gr 5) verjaar.

ATALIA UITREIKPROJEK

Die Tjokkies het 'n skrywe in die verband ontvang.

UITSLAE:

Edrich Crowther (gr 6) ontvang nasionale- en provinsiale kleure vir boogskiet 0/13. Hy verwerf brons medalje by die afgelope SA kampioenskappe in Johannesburg en 'n goue medalje by die Arnold Classic in Sandton.

Darius Crowther (gr 3) kom vierde vir seuns 0/13 by SA kampioenskappe en verwerf 'n silwer medalje vir seuns 0/10 by die Arnold Classic.

Die volgende leerders het aan die Interprovinsiale Skaaktoernooi in Rustenburg deelgeneem die naweek en daardeur hul Vrystaat Kleure vir skaak verwerf:

Heinrich Lindtveldt
Wian Griesel
Michelle J v Rensburg
Arno Griesel
Gerhardus J v Rensburg

FINANSIES

Die finansiële komitee wys u weer daarop dat ons 'n kontantvrye skool is en dat slegs bedrae minder as R50 ontvang sal word.

U kan net dink hoeveel kontant ons sal moet hanteer as toere, uitstappies en kampe se geld, om nie eers van skoolgeld te praat, in kontant ontvang word nie.

Dit skep 'n groot veiligheidsrisiko. Help ons asb hiermee!!!

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

VRYSTAAT KUNSWEDSTRYD (Herhaal)

Leerders wat deur privaat dramaklubs ingeskryf word, mag nie in hul skooldrag deelneem nie. Hul moet klere dra wat hul dramaklubs verteenwoordig.

NB: Roosterboek vir voordrag en toneel wat lokaal en tyd aandui is nog nie beskikbaar nie. Dit gaan die 12de Mei beskikbaar wees. U kan die volgende webwerf dophou vir inligting:

www.vrystaatsekunswedstryd.com

SNUFFELS

Smartschool ekstra klasse

Ons bied middagstudie en wiskunde ekstra klasse aan. Die klasse word deur 'n gekwalifiseerde juffrou, wat persoonlike aandag aan elke kind gee, aangebied. Graad 1 – 12 welkom. Ontspanne en selfmotiverende atmosfeer. Kontak Nelmarie by: 072 589 8069

WERK GESOEK

'n Tjokkie-pa het onlangs sy werk as produksiebestuurder, weens rasionalisasie, verloor. Hy beskik oor goeie bestuurs- en tegniese vaardighede o.a. elektries. Indien iemand kan help, skakel hom by 079 115 5557 vir sy CV of onderhoud. U kan ook die skoolhoof by 051-5221371 skakel.

VAKATURES

ONDERWYSER:

Tjokkies beskik oor 'n BL aflospos in die plek van juf Ursula wat op bevallingsverlof gaan.

Vereiste: Wiskunde Gr 5
Tydperk: 24 Julie tot 31 Okt.

Handig 'n volledige CV voor of op 5 Junie by die kantoor in.

MIDDAGSTUDIE TOESIGHOUER

Toesig van Graad 7 leerlinge
Tydperk: 1 Junie tot 31 November 2017 met die moontlikheid van verlenging vir 2018.
Werksure: 13:50 tot 17:15 Maandae tot Vrydae.
Verlof: Skoolvakansies.

Handig 'n volledige CV voor of op 25 Mei by die kantoor in.

Vir meer inligting oor beide poste kontak die skoolhoof by 051-5221371

SNUFFELS

Te koop gesoek: Goedkoop tweedehandse Nissan 1400, Corsa- of Batambakkie prysklas R20 000. Skakel 0823379446

SNOEPIE

Die Beheerliggaam het twee persone aangestel om ons nuwe snoepie, wat op 1 Junie oopmaak, te bedryf.

Ons is ook op soek na 'n naam vir die snoepie.

Lees asb die spesiale skrywe wat per epos gestuur word.

BORGE

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asb.

WISEMAN GROUP
supa quick
MIDAS
DUNLOP
CAR WASH
SPEEDY
SPAR
UNIVERSITAS
G SERVICE

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

Artboard1

TJOKKIES REËNBOOG TRAP EN STAP

3 JUNIE 2017 OM 10H00

BY PANTSERSKOOL TEMPE

Elke persoon moet n vrywaringsvorm voltooi

Kleredrag: Wit hemp (Gaan vol poeierverf word)

Sonbril om oë teen poeierverf te beskerm

Fietsryhelm - "No helmet - No ride"

Eie stoele en piekniekmandjie

Koffie/warm sjokolade/koeldrank,

Boereworsrolle en Pannekoek sal verkoop word.

" Goodie bag" vir eerste 500 kinders

Gholf chip @ R5. Pryse te wen

Gelukstrekkings volgens kaartjienommer

Artboard1

PROGRAM

10h00 Aankoms te Pantserskool

10h15 Opening

10h30 Graad 4 - 7 TRAP (+/-10km)

11h15 Graad 1 - 3 TRAP (+/-2km)

11h45 Pantser Museum Demonstrasie

12h00 Reënboog STAP (+/-5km)

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com